**Besoek www.litnet.co.za vir gratis skole-inhoud.**

**Die volgende werk vir Afrikaans Huistaal graad 8 kwartale 1 en 2 word in hierdie vraestel geassesseer:**

**Hardoplees**

***Uittreksel uit 'n jeugroman:*** Planne is weer op koers

**Luister en praat**

***Toespraak:*** Wysheid en insig kom met die ouderdom

**Toespraak** (argumenterend en persoonlike mening)
Oorsake en gevolge van die skerp verhoging in brandstofpryse.
Groepsdruk eis sy tol.
Swak lees- en begripsvermoë neem toe in skole.

**Leesbegrip**

***Verslag:*** Rede vir gewildheid van Afrikaanse televisiereekse en -dramas

***Kortverhaal:*** Die ontnugtering

***Drama:*** Skoonma neem haar voor om 'n nuwe blaadjie om te slaan

***Resensie:*** Vir altyd

***Gedigte:*** Kombuis
Die Elwekoning
Edms. Bpk.
Stil aand
See in die nag

**Taal**

***Tydskrifartikel:*** Juan Griesel: Ouerbetrokkenheid is waardevol

**Skryf**
Verhalende opstel
Reflekterende opstel

Onderhoud
Vriendskaplike brief

**Puntetoekenning**

| | |
|---|---|
| Hardoplees, luister en praat | /30 |
| Leesbegrip | /25 |
| Taal | /15 |
| Skryf | /30 |
| **Totaal:** | **/100** |

**Graad 8** **Afrikaans Huistaal** **Junie 2026**

**Vraestel 1** **Afdeling A** **Hardoplees**

**Uittreksel uit ’n jeugroman:** Planne is weer op koers

1 Terwyl die sonstrale oor die etenstafel dans, maak Pa sy keel skoon. Die volgende woorde van Pa sny soos ’n swaard deur die lug. Pa het sy werk verloor. Dit voel vir Susan of hierdie woorde die vakansieplanne van haar en haar vriendin, wat sy saamgenooi het vir die vakansie, verpletter het. Asof die teleurstelling nie genoeg is nie, moet sy nog die vernedering ondergaan om haar vriendin mee te deel dat daar nie geld vir ’n vakansie is nie, aangesien haar pa sy werk verloor het. Sy hoor nie hoe haar pa hulle meedeel dat daar die moontlikheid is dat hy by ’n nuwe firma kan begin werk nie.

2 Na ete begin sy haar tas uitpak. Sy onthou nog hoe opgewonde sy en haar vriendin was. Hoe hulle langs die see sou stap, na die dolfyne sou kyk, die akwarium sou besoek en elke brander sou aandurf. Dit voel vir haar of sy hierdie drome saam met haar klere terugpak in die kas.

3 Haar selfoon lui. Dis haar vriendin. Sy antwoord egter nie. Sy wonder op watter manier sy met die minste pyn en vernedering die nuus aan haar vriendin kon meedeel. Sou die vernedering nie miskien draagliker wees as sy net ’n WhatsApp vir haar stuur nie? Eindelik hou die foon op met lui. Sy neem die foon in haar hand. Lank staar sy na die skerm. Sy soek die woorde wat sy moet tik. Sy besluit op die ou end dat dit nie nodig vir haar vriendin is om te weet waarom hulle nie meer met vakansie kan gaan nie. Sy tik net: “Planne vir die vakansie het verander. Miskien volgende jaar.”

4 Nadat sy uitgepak het, gaan lê sy op haar bed en staar na die plafon. Haar kamerdeur staan oop. Sy hoor hoe haar pa met iemand oor die foon praat. Nie met ’n swaarbelaaide stem soos vroeër nie. Nee, met ’n ligter en amper opgewonde stem. “Ek sal sorg dat ek die eerste dag van volgende maand stiptelik om 08:00 agter my nuwe lessenaar inskuif. Nogmaals dankie vir die geleentheid. Ek sal julle nie teleurstel nie,” sê hy.

5 Susan gryp haar selfoon en tik ’n boodskap aan haar vriendin. Hierdie keer met ywer. “Hettie, planne het weer verander. Ignoreer die vorige boodskap.”

**Hardoplees:** Planne is weer op koers

Rubriek

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Vloeiend lees en pousering: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Stemtoon, stembuiging en beklemtoning: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Volume, hoorbaarheid en uitspraak: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**Totaal: 15** **/15**

**Vraestel 1** **Afdeling B** **Luister en praat**

**Toespraak:** Wysheid en insig kom met die ouderdom

Goeie dag, maats

1 Vandag gaan ek ’n onderwerp aanraak wat nie by almal welkom is nie. Tóg is dit onvermydelik. ’n Onderwerp waartydens beide uiterlike verandering plaasvind en wysheid en kennis met die verloop van jare opgedoen word. Kennis en wysheid waaroor jy beslis nie in jou jeug beskik nie. Ouderdom volg almal soos ’n skaduwee. Dit volg ons elke dag, elke maand en elke jaar.

2 Baie mense sien veroudering as ’n “donker wolk” wat oor hul lewens saampak. Die donker wolk van die onbekende en die vrees vir die onvoorspelbare gevolge wat dit mag inhou. Elke rimpel vertel sy eie storie. Grys hare maak hul opwagting. Kragte neem af. Na aftrede kan bejaardes baie keer onbelangrik en van geen waarde vir die samelewing voel nie. Beteken dit dat ons veroudering moet vrees? Beslis nie! Veroudering moet eerder gesien word as ’n nuwe seisoen in ons lewens wat aangebreek het. ’n Nuwe seisoen om na uit te sien! ’n Nuwe lewe met wonderlike vooruitsigte.

3 Ons belangstelling in sport verander hoe ouer ons word. Ons lewenskragte neem af en dit noodsaak ons om rustiger te word. Waar ek eens rats op die tennisbaan beweeg het en vir elke bal gehardloop het, raak ek rustiger. Gevolglik sal ek die raket vir ’n gholfstok verruil. Ek kan nog steeds die genot put uit elke hou wat ek slaan en elke wedstryd wat ek wen.

4 Hoewel die mens se kragte afneem hoe ouer hy word, word die mens wyser. Die wysheid wat slegs met die ouderdom kom. Die onaangename ervaringe wat sommige mense gedurende die lewe beleef, mag soms negatiewe gevolge inhou. Dis juis dán wat hierdie mense hulle moet wegskeur van die verlede met net een doel voor oë: om ’n sukses van die lewe te maak.

5 Die jonger geslag moet besef dat hulle altyd by die ouer mense kan leer. ’n Mens is nooit te oud om te leer nie. Die jonger geslag mag wel oor die nuutste kennis beskik, maar geen kennis kan kennis gepaardgaande met ondervinding oortref nie. Daarom kan ouer mense as kosbare bronne van wysheid beskou word. Daarom moet die jonger geslag die ouer geslag respekteer, waardeer en bereid wees om in baie opsigte by hulle te leer.

6 Veroudering is nie 'n vyand wat ons moet vrees nie. Ons moet ons grys hare en plooie aanvaar. Aanvaar dat jy minder soepel en fiks is en spits jou op 'n ander sportsoort toe. Jy kan nog steeds voluit lewe. Net rustiger.

7 Om ouer te word is nie noodwendig 'n afdraande pad nie. Ons lewens slaan net 'n ander koers in. 'n Koers van verandering en opdoen van wysheid en kennis. 'n Pad met vooruitsigte. 'n Pad wat nie gevrees hoef te word nie.

**Toespraak:** Wysheid en insig kom met veroudering

| | | |
|---|---|---|
| **1** | **Luister na paragraaf 1. Waarom sou jy sê dat veroudering as positief gesien kan word?** | /1 |
| **2** | **Waarom reken jy dat die jeug nie oor al die kennis en wysheid beskik as waaroor die ouer geslag beskik nie?** | /1 |
| **3** | **Wat verstaan jy onder die twee sinne in paragraaf 1 waar ons personifikasie en 'n vergelyking aantref?** | /1 |
| **4** | **Waarna verwys die metafoor "die donker wolk" in paragraaf 2?** | /1 |
| **5** | **Watter teenstelling word in paragraaf 2 aangetref?** | /1 |
| **6** | **Wat verstaan jy onder die beeldspraak: "Grys hare maak hul opwagting"?** | /1 |
| **7** | **Gee 'n beskrywing van hoe daar 'n verandering by die uiterlike voorkoms van 'n mens tydens veroudering plaasvind.** | /2 |
| **8** | **Behalwe om die ouer geslag te respekteer, watter emosie behoort die jonger geslag te ervaar, sou hulle na die ouer geslag met meer wysheid gaan vir raad en leiding?** | /1 |
| **9** | **Noem slegs EEN manier hoe die jonger geslag ouer mense kan respekteer.** | /1 |
| **10** | **Waarom sou jy sê dat die slot effektief is?** | /1 |
| **11** | **Reken jy die opskrif hou verband met die inhoud van die bostaande toespraak? Motiveer.** | /1 |
| **12** | **Waarom sou jy sê dat die bostaande luisterteks geloofwaardig is?** | /1 |
| **13** | **Waarom sou jy sê dat die bostaande luisterteks 'n voorbeeld van 'n toespraak is?** | /2 |
| | **Totaal: 15** | **/15** |

**Lewer 'n argumenterende toespraak oor EEN van die onderstaande.**

Bespreek die ***oorsaak*** en ***gevolge*** van die skerp styging in brandstofpryse. / ***Groepsdruk*** eis sy tol. / Swak ***lees***- en ***begripsvermoë*** neem toe in skole.

Rubriek

Vloeiend praat, oorsaak, gevolge en inhoud: 1 2 3 4 5

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Retoriese vrae, motivering en struktuur: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Taalgebruik, hoorbaarheid en oogkontak: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**Totaal: 15** **/15**

**GROOT TOTAAL: 30÷2=15** **/15**

**Vraestel 2** **Afdeling A** **Leesbegrip**

**1 Die verslag:** Rede vir gewildheid van Afrikaanse televisiereekse en -dramas

**Doel van ondersoek**

Die doel van hierdie ondersoek is om te bepaal watter rol Afrikaanse dramas en televisiereekse in die samelewing speel en waarom dit so gewild is.

**Inleiding**

Afrikaanse televisiereekse en -dramas het oor die jare ’n belangrike deel van die Afrikaanse taal en kultuur geword. Die storielyne het van eenvoudige storielyne tot meer komplekse en realistiese storielyne wat op die samelewing betrekking het, ontwikkel.

**Metode van ondersoek**

Tydens die ondersoek is die mening van verskeie kykers gevra en artikels en resensies oor Afrikaanse televisiereekse en -dramas is gelees. Tydens die ondersoek is verskillende ouderdomsgroepe genader waar daar gekonsentreer is op die onderskeie temas en die gewildheid daarvan.

**Bevindinge**

Daar is bevind dat Afrikaanse televisiereekse en -dramas veral gewild is, aangesien alledaagse probleme en die konflik wat dit tot gevolg kan hê, aangespreek word. Die kykers kan hulself met hierdie probleme en omstandighede identifiseer. Sodoende kan hul leer hoe om dit te hanteer, op te los of te voorkom. Ernstige sosiale kwessies wat nadelige gevolge mag inhou, word ook in baie van hierdie dramas en reekse aangespreek.

**Gevolgtrekking**

Hierdie Afrikaanse produksies vermaak nie net die kykers nie, maar dra ook by tot die Afrikaanse taal en kultuur. Aangesien baie van hierdie storielyne van toepassing is op die daaglikse lewe van die mens, kan die kykers hulle hiermee identifiseer. Juis dít dra by tot die gewildheid daarvan.

**1.1 Hoe hou die inhoud van die bostaande verslag verband met die onderwerp?** (1)

**1.2 Waarom sou jy sê dat, volgens die bevinding van die bostaande verslag, die moderne Afrikaanse produksies byklank by al die ouderdomsgroepe sal vind?** (1)

**1.2 Waarom sou jy sê dat die bostaande bevindinge nie op persoonlike menings gebaseer is nie?** (1)

**1.4 Waarom sou jy sê dat emosies wél ’n rol speel by realistiese televisiereekse en -dramas?** (1)

**Totaal: 4** **/4**

**2 Kortverhaal:** Die ontnugtering

1 Die applous het soos 'n donderstorm deur die skoolsaal gedonder, hard en oorweldigend. Dit het vir Jana gevoel of sy gesweef het. Elke stelling wat sy gemaak het, het sy oortuigend gemotiveer. Al die aande van voorbereiding in haar kamer waar elke sin gewig moes dra, is beloon. Sy het bo die vrese dat sy die gehoor nie sou kon oortuig nie, gestyg. Haar ma se woorde dat haar deeglike voorbereiding vir hierdie toespraak beloon sal word, is bewaarheid. Hoewel sy aanvanklik onseker was of sy die gehoor sou kon oortuig, het die oorweldigende reaksie van die gehoor haar die sekerheid gegee dat sy hulle wél oortuig het om Moeder Aarde op te pas.

2 Die wentrofee wat alles verteenwoordig waarvoor sy gewerk het, word aan haar oorhandig. Na die funksie sou sy dit weer aan die skoolhoof besorg.

3 Op pad na die skoolhoof se kantoor, stap sy verby die personeelkamer. Sy hoor hoe juffrou Benadé met die skoolhoof praat. Daar was 'n ondertoon van bitterheid en jaloesie in haar stem. Sy het Jana se oorwinning bevraagteken. Volgens haar moes háár dogter die trofee kry. Het sy reg gehoor? Dis juis juffrou Benadé wat haar aangemoedig het om aan die redenaarskompetisie deel te neem en haar die versekering gegee het dat sy oor die vermoë beskik om die wentrofee omhoog te kan lig. Dit was nie soseer die woorde wat haar seergemaak en verraai laat voel het nie, maar wié dit gesê het. Nie slegs het juffrou Benadé vertroue in haar vermoëns gehad nie, maar sy het juffrou Benadé met alles vertrou. Met slegs 'n paar woorde is haar vertroue in juffrou Benadé geknak. 'n Knak wat letsels van teleurstelling en pyn verteenwoordig. Vir die eerste keer het sy besef dat iemand nie altyd is wat hy voorgee om te wees nie.

4 Jana het omgedraai en na die beoordelaars gegaan. Sy moes net eenvoudig uitvind of sy wél die wentrofee verdien het. Hulle het haar die versekering gegee dat haar toespraak beslis die beste was en dat sy die gehoor deur en deur oortuig het. Jana het tot die gevolgtrekking gekom dat ander mense se teleurstelling en jaloesie nie haar sukses ongedaan kan maak nie. Haar sukses weeg swaarder as die jaloesie van haar eens geliefde onderwyseres.

**2.1 Watter teenstelling tref ons in paragraaf 1 aan?** (1)
**2.2 Beskryf die atmosfeer in paragraaf 1.** (1)
**2.3 Waarom is die optrede van juffrou Benadé vir Jana so skokkend?** (1)
**2.4 Watter emosie het Jana in paragraaf 3 ervaar?** (1)
**2.5 Tot watter gevolgtrekking kom Jana in paragraaf 3?** (1)
**2.6 Waarom reken jy dat dit die regte ding was om by die beoordelaars te gaan uitvind of sy wél die wentrofee verdien het?** (1)

**Totaal: 6** **/6**

**3** **Drama:** <u>Skoonma neem haar voor om ’n nuwe blaadjie om te slaan</u>

*Terwyl Zak en Lien televisie kyk, lui die telefoon. Zak antwoord.*

Zak: *(met ’n frons)* Dis jou ma. Sy kom kuier môre vir ’n week.

Lien: *(met ’n sug)* My ma sal altyd welkom wees, maar beslis nie haar ongevraagde opmerkings nie.

*Nadat Lien haar ma by die stasie opgetel het, ry hulle direk huis toe.*

Lien: Ek het skoon beddegoed vir Ma oorgetrek.

Ma: Ek hoop die lakens is gestryk. Ek slaap nie op ongestrykte lakens nie.

Lien: *(ietwat geïrriteerd)* Ma, die goed kreukel in elk geval as jy daarop lê.

Ma: *(terwyl sy met haar vingers oor die meubels vee)* Ek sien jy stof darem jou meubels af. Ook seker net omdat ek kom kuier het.

*Die voordeur gaan oop. Dis Zak. Hy groet, sit die koerant op die koffietafel neer, dra sy skoonma se bagasie na die spaarkamer en sluit weer by sy skoonma in die televisiekamer aan.*

Zak: Vertel my meer van Ma se treinrit. Was dit darem aangenaam?

Ma: Die treinrit was heel aangenaam. Maar die tee! Dis ondrinkbaar.

*Hulle gaan sit aan tafel en Zak vra die seën.*

Zak: Ek moet volgende week op ’n kursus gaan. Die vierde een hierdie jaar.

Ma: Die vierde een? Bring meer tyd saam met jou vrou deur. Hulle kan mos iemand anders stuur. Staan jou man.

Zak: *(ongeërg)* Nog een woord van kritiek en ek sit Ma op die eerste trein.

Ma: *(ernstig)* Ek hou van hierdie kant van jou, Zak. Ek belowe ek sal nie meer kritiseer nie. Jy’s reg. Doen wat jou werk van jou verwag. Lien, ek besef nou eers dat ek net vir myself werk gee om my lakens te stryk. Ek gaan myne ook voortaan nie stryk nie. Is ek vergewe?

| | | |
|---|---|---|
| **3.1** | **Watter <u>emosie</u> ervaar Lien toe sy sê dat lakens in elk geval kreukel?** | (1) |
| **3.2** | **Skryf die <u>toneelaanwysing</u> neer waar ons *beweging* aantref.** | (1) |
| **3.3** | **Watter <u>stemtoon</u> kan ons by Lien se ma se laaste spreekbeurt verwag?** | (1) |
| **3.4** | **In watter opsig vind <u>karakterontwikkeling</u> by Lien se ma plaas?** | (1) |
| **3.5** | **Watter *funksie* verrig die bestaande <u>tussensetsels</u>?** | (2) |
| | **Totaal: 5** | **/6** |

## 4 **Resensie:** <u>Vir altyd</u>

***Wim Pretorius*** *Die Burger, 14 Junie 2026*

1 "Vir altyd" is 'n fliek wat gaan oor verhoudings, vernedering, hartseer, keuses, ontnugtering, verraad, genesing, tweede kanse en die probleme in huwelike en die oorkoming daarvan. Die kontras tussen vreugde en hartseer word deur gesigsuitdrukkinge, stemtoon en uitstekende toneelspel realisties uitgebeeld.

2 Nadat Nina voor die kansel deur Retief, haar bruidegom, gelos is, was sy gebroke. Dis eers toe Hugo, 'n suksesvolle fotograaf en eertydse vriend van haar, sy verskyning maak, dat sy genesing vind.

3 Na haar vernedering, is Nina en Hugo op aandrang van Nina Mauritius toe. Hulle was onvoorbereid op die avontuur wat hul "wittebrood" vir hulle sou inhou. Dis dan juis hier waar sy genesing vind en weer in die liefde begin glo. Sy moes dan ook juis hier tot die ontnugtering kom dat Hugo destyds van die toneel verdwyn het, aangesien hy, volgens haar ouers, nooit goed genoeg vir haar was nie. Hier het hulle twee paartjies ontmoet. 'n Bejaarde paar, Paul en Bets, het mekaar waardeer en met liefde en respek behandel. Hulle het ook nooit baklei nie. Indien hulle van mekaar sou verskil, het hul dit op 'n volwasse manier uitgepraat. Hierteenoor het Ben en Marietjie huweliksprobleme ondervind. Die feit dat Ben gevoel het Marietjie het altyd meer tyd aan haar kinders as aan hom spandeer, het kommunikasiegaping, irritasie en emosionele afstand tot gevolg by hulle. Hoewel Marietjie bereid was om vir hul huwelik te baklei, het Ben aanvanklik nie sy samewerking gegee nie. Eers láter het hy haar met 'n dans en 'n liefdesverklaring voor 'n groep mense verras en sodoende bewys gelewer dat ook hý bereid was om vir hul huwelik te baklei. Nina het besef dat as jy vir jou huwelik veg, die liefde altyd sal seëvier. Ongelukkig nie wat sy van haar ouers kan sê nie. Hulle het mekaar nie waardeer óf met liefde en respek hanteer nie. Hulle het ook geen poging aangewend om aan hul huwelik te werk nie. Sy het besef dat die ongesonde verhouding tussen haar ouers nie haar toekoms en geluk met Hugo noodwendig negatief hoef te beïnvloed nie. Deur die regte keuse te maak, kan sy geluk saam met Hugo vind. Hul liefde kan vir altyd duur.

4 Die geloofwaardigheid van die verhaal word daarin gesien dat dit op die hedendaagse lewe en sy uitdagings betrekking het.

| | | |
|---|---|---|
| **4.1** | **Hoe <u>verskil</u> die huwelik van Paul en Bets met dié van Nina se ouers?** | (1) |
| **4.2** | **Watter <u>les</u> leer die kyker uit die verhouding tussen Marietjie en Ben?** | (1) |
| **4.3** | **Watter *nadelige* <u>gevolge</u> het die <u>konflik</u> in Ben en Marietjie se verhouding voor hul versoening ingehou?** | (1) |
| **4.4** | **Hoe sluit die <u>tema</u> van die fliek by die <u>titel</u> aan?** | (1) |
| | **Totaal: 4** | **/4** |

**5 Gedigte**

**5.1 Wat *beklemtoon* die allitererende woorde en goeie woordkeuse in die onderstaande strofe uit "Kombuis"?**

"Gretig woeker en werskaf ek, bak en brou ek,
vee en vlyt ek, goeie, flukse vrou, ek." *Corné Coetzee*

**5.2 Beskryf die stemming van versreël 4 en die gemoedstoestand van die vader deur hierdie versreël in die onderstaande strofe uit "Die Elwekoning" teen 'n *stadige* tempo te lees.**

"Die vader skrik; hy ry soos die wind,
en hou in sy arms die kreunende kind.
Bereik sy plaas in bange nood;
die kind lê in sy arms dood." *S.J. du Toit (vertaling)*

**5.3 Watter vorm van beeldspraak tref ons in die onderstaande strofe uit "Edms. Bpk." aan? Gee 'n *verduideliking* vir jou antwoord.**

"Janfiskaal sit op my melkhoutboom,
sit op 'n kruin, sit op 'n rots,
en proklameer in sy lied
soggens en saans luidkeels:
'Dis my gebied.'" *D.J. Opperman*

**5.4 Watter effek verkry ons deur die enjambement by versreëls 3 & 4 in die onderstaande strofe uit "Stil aand" aan te bring?**

"Nou sit ons voor die vuur en speel
die vlamlig deur ons hare...
laag waai die reënwind buite deur
die afgevalle blare." *W.E.G. Louw*

**5.5 Waarna verwys die gekettingde dier in die onderstaande strofe uit "See in die nag"?**

"Buite my venster dreig en tier
deur die nag die gekettingde dier
met sy honger na some
sand en rots en wildepiesangbome." *D.J. Opperman*

**Totaal: 5** **/5**

**GROOT TOTAAL: 25** **/25**

**Vraestel 2** **Afdeling B** **Taal**

**Tydskrifartikel:** Juan Griesel: Ouerbetrokkenheid is waardevol

**Izak du Toit** *Huisgenoot, 30 Mei 2026*

1 "Ouers mag dit miskien nie altyd besef nie, maar kinders waardeer dit as ouers in hul lewens betrokke is. Ouerbetrokkenheid word altyd onthou. Hiervan kan ek sonder twyfel getuig," het Juan Griesel, wat eens vir die Springbokke uitgedraf het, aan die media gesê.

2 Hy onthou tot vandag nog hoe sy pa byna elke rugbywedstryd van hom op laerskool bygewoon het. "Niks het vir my groter vreugde verskaf as om te weet dat my pa graag tyd saam met my wou deurbring nie!"

3 Nie slegs het hy vir sy span gespeel nie, maar ook vir sy pa. Die ekstra paar oë wat elke beweging van hom gevolg het. Sy pa het op en af al langs die kantlyn gedraf en hom aangemoedig. So het hy dan ook van die kantlyn af skeidsregter gespeel. Ná die wedstryd sou sy pa hom dan speels deur die hare vryf en hom vertel hoe trots hy op hom is. Sou hy die wenpunte gedurende die wedstryd aangeteken het, het sy pa die ander pa's trots daarop gewys dat dit sý seun is wat gesorg het dat hulle span nie die aftog blaas nie. As beloning het sy pa hom dan na die Wimpy geneem waar hy 'n ***smaaklike*** burger en 'n melkskommel kon bestel. "Jy verdien hierdie burger en melkskommel dubbel en dwars," het sy pa altyd met trots in sy oë vir hom gesê.

4 Die herinneringe aan sy pa se betrokkenheid by sy rugbywedstryde sal hom altyd bybly. Geen geld ter wêreld kan hierdie kosbare oomblikke koop nie. Dis tye wat hy altyd sal onthou.

5 "Spangees is natuurlik baie belangrik. Ook om as 'n span saam te speel. Daar's nie plek vir selfsugtigheid nie. Daar is seker niks wat my soveel bevrediging verskaf het as die applous van my vriende op die pawiljoen as ek punte aangeteken het nie. Herinneringe wat my altyd sal bybly."

6 Net soos sy pa, woon hy ook elke rugbywedstryd van sý twee seuns by. Geen swaarde of stokke kan hom weghou van 'n rugbywedstryd van sy seuns nie. Hy weet maar alte goed hoeveel dit vir 'n seun beteken. Hy wil hê dat sy seuns ook eendag sy betrokkenheid by hul wedstryde moet onthou. Al is hulle nog baie jonk. Hulle moet onthou hoe hy al juigend vir hulle langs die veld aangemoedig het.

7 Verder wys hy ook daarop dat ouers nie verplig moet voel om by hul kinders se lewens betrokke te wees nie. Dit moet vir hulle 'n voorreg wees! Aangesien ouers belangstel, sal kinders net hulle beste lewer. Dus, ouerbetrokkenheid is belangrik.

**Tydskrifartikel:** Juan Griesel: Ouerbetrokkenheid is waardevol

1 **Skryf die bywoord van modaliteit in reël 1 neer.** (1)

2 **Vorm 'n afgeleide abstrakte selfstandige naamwoord van die onderstreepte woord in reël 1.** (1)

3 **Skryf die onderwerp in die onderstreepte sin in reël 2 neer.** (1)

4 **Skryf die aanwysende voornaamwoord in reël 3 neer.** (1)

5 **Skryf die gesegde in die onderstreepte sin in reël 3 neer.** (1)

6 **Skryf die selfstandige werkwoord in reël 5 neer.** (1)

7 **Skryf die saamgestelde woord in reël 5 neer.** (1)

8 **Skryf die bywoordelike sinsnede in reël 6 neer.** (1)

9 **Skryf die abstrakte selfstandige naamwoord in reël 6 neer.** (1)

10 **Gee die intensiewe vorm vir die onderstreepte woord in reël 7.** (1)

11 **Skryf die onderstreepte sin in reëls 9 & 10 oor in die teenwoordige tyd.** (1)

12 **Verduidelik waarom die onderstreepte sin in reëls 9 & 10 'n enkelvoudige sin is en nie 'n veelvoudige sin nie.** (1)

13 **Skryf die samestellende afleiding in reël 10 neer.** (1)

14 **Verduidelik die konnotatiewe betekenis van: "Sy pa speel skeidsregter van die kantlyn af."** (1)

15 **Gee die trappe van vergelyking vir die onderstreepte woord in reël 12.** (1)

16 **Skryf die onderstreepte sin in reëls 15 & 16 oor, maar skryf die skuinsgedrukte attributiewe byvoeglike naamwoord oor as 'n byvoeglike bysin.** (1)

17 **Skryf die onderstreepte sin in reëls 17 & 18 oor in die indirekte rede.** (1)

18 **Gee die basiswoord vir die onderstreepte woord in reël 19.** (1)

19 **Skryf die attributiewe byvoeglike naamwoord in reël 20 neer wat in sy verboë vorm staan.** (1)

20 **Watter algemene lewenswaarheid druk die onderstreepte stelling in reëls 20 & 21 uit?** (1)

21 **Skryf die onderstreepte sin in reëls 20 & 21 oor in die lydende vorm.** (1)

22 **Skryf die onderstreepte sin in reël 22 oor in die toekomende tyd.** (1)

23 **Skryf die onderstreepte sin in reël 23 oor as 'n vraagsin.** (1)

24 **Wat beteken die onderstreepte idioom in reël 25?** (1)

25 **Skryf reël 26 oor in die ontkennende vorm.** (1)

26 **Skryf die teenwoordige deelwoord in reël 30 neer.** (1)

27 **Skryf die bywoord van graad in reël 30 neer.** (1)

28 **Skryf die oorganklike werkwoord in reël 34 neer. Motiveer.** (1)

29 **Verduidelik waarom daar in reël 34 van manipulerende taalgebruik gebruik gemaak word en nie van emotiewe taalgebruik nie.** (1)

30 **Skryf die koppelwerkwoord in reël 35 neer en verduidelik waarom dit 'n koppelwerkwoord is.** (1)

**Totaal: 30:15** **/15**

**Vraestel 3** **Skryf**

**Skryf ’n verhalende opstel van 200–250 woorde oor EEN van die volgende.**

Die verrassing / Een lang nagmerrie / Weer teruggaan? Nooit! / Ek leer my les

Rubriek

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Inleidende paragraaf, inhoud en slotparagraaf: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Storielyn, chronologie, klimaks en slot: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Verhalend, oorsaak en gevolge: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Beplanning, paragrafering, taalgebruik en struktuur: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**Of**

**Skryf ’n reflekterende opstel van 200–250 woorde oor EEN van die volgende.**

Ek het weer selfvertroue / Die moeilike besluit / So leer ek uit my foute

Rubriek

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Inleidende paragraaf, inhoud en slotparagraaf: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Ervaring en beskrywing: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Refleksie en insig: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Beplanning, paragrafering, taalgebruik en struktuur: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**Totaal: 20** **/20**

**EN**

**Skryf ’n onderhoud van 140–160 woorde wat jy met EEN van die volgende mense voer.**

’n Akteur van ’n televisiereeks / ’n Olimpiese swemmer / ’n Parapleeg / ’n Sanger

Rubriek

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Inhoud, geloofwaardigheid en taalgebruik: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Uitleg, dialoog, punktuasie en beskrywings: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**Of**

**Skryf ’n vriendskaplike brief van 140–160 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.**

Vertel ’n vriend van jou toer / Vertel jou ouers van die boelie wat jou teister

Rubriek

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Inhoud, gebeure en taalgebruik: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Uitleg, aanspreekvorm en punktuasie: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**Totaal: 10** **/10**

**GROOT TOTAAL: 30** **/30**

**Memorandum** **Junie 2026**

**Toespraak:** Wysheid en insig kom met veroudering

1 Tydens veroudering doen almal kennis en wysheid op.
2 Kennis en wysheid word juis opgedoen hoe ouer 'n mens word.
3 Almal word ouer. / Almal sal ouer word. / Niemand kan ouderdom vryspring nie. / 'n Mens word elke dag ouer. **(enige ander aanvaarbare antwoord)**
4 Dit verwys na die vrees vir die ouderdom en die onbekende wat moontlik negatiewe gevolge mag inhou.
5 Terwyl die "donker wolk" na die negatiewe uitkyk op die lewe wys, wys die "nuwe seisoen" na die positiewe uitkyk op die lewe. /
Terwyl die "donker wolk" die vrees vir die onbekende toekoms tydens veroudering beklemtoon, beklemtoon die "nuwe seisoen" die vooruitsigte na 'n nuwe lewe met nuwe uitdagings.
6 'n Mens word grys. / Grys hare verskyn.
7 'n Mens kry plooie✔ en grys hare✔ as jy ouer word.
8 Die emosie van waardering vir die kennis wat hulle by die ouer geslag kan opdoen.
9 Deur hom of haar met respek te behandel en aan te spreek.
**(enige ander aanvaarbare antwoord wat op *respek* dui)**
10 Die slot som die boodskap op en laat die gehoor besef dat ouderdom nie gevrees hoef te word nie.
11 Ja. Hoe ouer 'n mens word, hoe meer ***wysheid*** en ***insig*** doen jy op.
12 Enige realistiese antwoord wat met die inhoud van die luisterteks verband hou.
13 Die vraag wat in paragraaf 2 gevra word✔, word deur stellings en motiverings✔ gedurende die toespraak beantwoord.

1 **Die verslag:** Rede vir gewildheid van Afrikaanse televisiereekse en -dramas

1.1 Dit wat aanleiding tot die gewildheid van Afrikaanse televisiereekse en -dramas gee, word breedvoerig in die verslag bespreek.

1.2 Al die ouderdomsgroepe ondervind probleme. / Elkeen se probleem kan opgelos word. / Elkeen se probleem kan voorkom word. / Elkeen kan leer hoe hy sy probleme moet hanteer. / Ouer kykers kan jonger kykers daarop wys hoe om sekere probleme te hanteer, op te los of te voorkom. **(slegs EEN)**

1.3 Aangesien dit op feite wat gedurende navorsing opgedoen is, gebaseer is.

1.4 Aangesien die kykers hulself met die karakters en hul omstandighede kan identifiseer. / Aangesien die kykers hul ook al in dieselfde omstandighede kon bevind het en dieselfde emosies kon ervaar het. **(slegs EEN)**

**2 Kortverhaal:** Die ontnugtering

2.1 Aanvanklik was Jana onseker of sy die gehoor sou kon oortuig, maar na die applous het sy die sekerheid gehad dat sy hulle wél oortuig het.

2.2 Die atmosfeer was opwindend / oorweldigend.

2.3 Aangesien sy Jana aangemoedig het om deel te neem aan die redenaarskompetisie en die versekering gegee het dat sy oor die vermoë beskik om die wentrofee te verower, maar nou bevraagteken sy haar oorwinning.

2.4 Die emosie van teleurstelling / verraad.

2.5 Dat iemand nie altyd is wat hy hom voordoen nie.

2.6 Om gemoedsrus te kry. / Om sekerheid te kry dat juffrou Benadé nie tóg reg was nie. / Sodat haar oorwinningsgevoel nie deur jaloesie gekelder word nie.

**3 Drama:** Verrassings is nie altyd welkom nie

3.1 Die ***emosie*** van ongeërgdheid / irritasie.

3.2 Ma: *(terwyl sy met haar vingers oor die meubels vee)* Ek sien jy stof [...].

3.3 ’n Ernstige / vasberade / vasbeslote ***stemtoon***.

3.4 Waar sy aanvanklik net negatiewe ***kommentaar*** gelewer het, het sy tydens haar laaste spreekbeurt positiewe ***kommentaar*** gelewer.

3.5 Dit dui ruimte✔ en handeling✔ aan.

**4 Resensie:** Vir altyd

4.1 Terwyl Paul en Bets mekaar waardeer en met liefde en respek behandel het, was dit nie die geval met Nina se ouers nie.

4.2 Dat indien jy vir jou verhouding en die liefde in jou lewe sou veg, die liefde altyd sal seëvier.

4.3 Dit het kommunikasiegaping, irritasie en emosionele afstand tot gevolg gehad.

4.4 Die tema sluit aan by die titel wat daarop wys dat ware liefde vir altyd duur en waardeer en gekoester moet word.

## 5 Gedigte

5.1 Kombuis

Dit beklemtoon die entoesiasme en hardwerkendheid van die vrou.

5.2 Die Elwekoning

Ons tref ’n hartseer ***stemming*** en ’n hartseer ***vader*** hier aan. /
Die ***emosie*** van hartseer word hier beklemtoon. /
Beide die ***stemming*** van die versreël en die ***vader*** se ***gemoedstoestand*** is hartseer.

5.3 Edms. Bpk.

Ons tref personifikasie hier aan, aangesien Janfiskaal met ’n mens gepersonifieer word wat in sy lied afkondig dat die gebied aan hom behoort.

5.4 Stil aand

Die effek van beweging.

5.5 See in die nag

Dit verwys na die see.

**Tydskrifartikel:** Juan Griesel: Ouerbetrokkenheid is waardevol

1 Ouers mag dit miskien nie altyd besef nie, maar kinders waardeer dit as ouers in hul lewens betrokke is.

2 Waardeer – waardering

3 Ouerbetrokkenheid word altyd onthou.

4 "Hiervan kan ek sonder twyfel getuig," het Juan Griesel gesê.

5 "Hiervan kan ek sonder twyfel getuig."

6 Hy onthou tot vandag nog ...

7 Hy onthou tot vandag nog hoe sy pa byna elke rugbywedstryd van hom bygewoon het.

8 Hy onthou tot vandag nog hoe sy pa byna elke rugbywedstryd van hom op laerskool bygewoon het.

9 "Niks het vir my groter vreugde verskaf as om te weet dat my pa tyd saam met my wou deurbring nie."

10 Niks het vir my groter vreugde verskaf as om te weet dat my pa dolgraag tyd saam met my wou deurbring nie.

11 Sy pa draf op en af al langs die kantlyn en moedig hom aan.

12 Hier word slegs ***een*** onderwerp aangetref, terwyl die voegwoord "en" nie twee volsinne / selfstandige sinne verbind nie, maar twee werkwoorde. /
Dis 'n sin met slegs ***een*** onderwerp met 'n ***saamgestelde*** gesegde.

13 Sy pa het op en af al langs die kantlyn gedraf en hom aangemoedig.

14 Sy pa meng van buite die veld in en bevraagteken en kritiseer die beslissings van die skeidsregter, kompleet asof hy die skeidsregter is.
**(enige ander verduideliking waar assosiasie aangetref word)**

15

| Stellende trap | Vergrotende trap | Oortreffende trap |
|---|---|---|
| trots | trotser | trotsste |

16 As beloning het sy pa hom dan na die Wimpy geneem waar hy 'n burger wat smaaklik is, en 'n melkskommel kon bestel.

17 Sy pa het altyd met trots in sy oë vir hom gesê dat hy daardie burger en melkskommel dubbel en dwars verdien.

18

| Afgeleide abstrakte selfstandige naamwoord | Basiswoord |
|---|---|
| betrokkenheid | betrek |

19 Geen geld ter wêreld kan hierdie kosbare oomblikke koop nie.

20 Hierdie kosbare oomblikke waartydens hy geluk ervaar het, kan nie met geld gekoop word nie. / Dis nie 'n artikel wat jy met geld kan koop nie. / Hierdie kosbare oomblikke kan ervaar en onthou word, maar ***nie*** gekoop word ***nie***.
**(enige ander aanvaarbare verduideliking)**

21 Hierdie kosbare oomblikke kan deur geen geld ter wêreld gekoop word nie.

22 "Spangees sal natuurlik baie belangrik wees."

23 "Is daar nie plek vir selfsugtigheid nie?"

24 Ek sal dit altyd onthou, aangesien dit 'n blywende indruk op my gemaak het. /
Ek sal dit nooit vergeet nie, aangesien dit vir my belangrik en betekenisvol is. /
Ek sal dit nooit vergeet nie, aangesien dit 'n blywende indruk op my gemaak het.

25 Net soos sy pa, woon hy ook nie élke rugbywedstryd van sy twee seuns by nie. /
Net soos sy pa woon hy ook geen rugbywedstryd van sy twee seuns by nie.

26 Hulle moet onthou hoe hy al juigend vir hulle langs die veld aangemoedig het.

27 Al is hulle nog baie jonk.

28 Aangesien ouers belangstel, sal kinders net hulle beste lewer.
"Lewer" is 'n oorganklike werkwoord, aangesien die aksie "lewer" oorgaan op die voorwerp "hul beste". /
Ek vra: "Wat lewer die kinders?" Die kinders lewer hul beste. /
Ek kry 'n antwoord op die vraag: "Wat lewer die kinders?"

29 Hier word van manipulerende taal gebruik gemaak, omdat dit die leser ***subtiel*** probeer ***oortuig*** dat hulle hul beste sal lewer, maar sonder bewyse dat dit wel die geval sal wees. Emosie is ***nie*** betrokke ***nie***. /
Dit kan die leser laat ***voel*** dat hy moet saamstem, aangesien dit logies en positief klink. Daar word ***gepoog*** om hom oor te haal, ***sonder*** emosiebelaaide woorde. /
Dit stuur die leser se denke in 'n sekere rigting en maak die stelling oortuigend, ***sonder*** emosiebelaaide woorde. /
Die ***toon*** is objektief en verduidelikend en nie emosioneel of oordrewe nie.

30 Dus, ouerbetrokkenheid is belangrik.
Die ***koppelwerkwoord*** "is" koppel ***die abstrakte selfstandige naamwoord*** "ouerbetrokkenheid" en die ***byvoeglike naamwoord*** "belangrik".

**Naslaanbronne** **Junie 2026**

**Uittreksel uit 'n jeugroman:** Planne is weer op koers
*Eugene van der Westhuizen*

**Toespraak:** Wysheid en insig kom met die ouderdom
*Eugene van der Westhuizen*

**Verslag:** Rede vir gewildheid van Afrikaanse televisiereekse en -dramas
*Eugene van der Westhuizen*

**Kortverhaal:** Die ontnugtering
*Eugene van der Westhuizen*

**Drama:** Skoonma neem haar voor om 'n nuwe blaadjie om te slaan
*Eugene van der Westhuizen*

**Resensie:** Vir altyd
Geskryf deur: *Eugene van der Westhuizen* *kykNET-produksie*
**Draaiboek:** Skrywer, medeskrywers en vervaardigers:
*Donovan Marsh, Ivan Botha en Donnalee Roberts*

**Tydskrifartikel:** Juan Griesel: Ouerbetrokkenheid is waardevol
*Eugene van der Westhuizen*

**Gedigte**

***Kombuis*** *Corné Coetzee*
*Verskuns* *Macmillan South Africa (Pty) Ltd, 2015*
Saamgestel deur: *Riens Vosloo*

***Die Elwekoning*** *S.J. du Toit*
*Verskuns* *Macmillan South Africa (Pty) Ltd, 2015*
Saamgestel deur: *Riens Vosloo* *Oorspronklike bron van vertaling onbekend*

***Edms. Bpk.*** *D.J. Opperman*
*Vers en Vlam* *Human & Rousseau, 2015*
*J. Ferreira, E. du Toit, H. Geldenhuys, M. le Cordeur, A. van der Spuy*

***Stil aand*** *W.E.G. Louw*
Versamelde gedigte: *W.E.G. Louw* *Tafelberg-Uitgewers Beperk, 1973*

***See in die nag*** *D.J. Opperman*
*Kroonsteen-reeks, Verse vir lekker lees* *Best Books, 2009*
*F. Viljoen, R. Lamprecht, H. Viljoen*